Harvesters MINISTRIES
Opening the Way

November 2026





Hulle het die Kerk AFGEBRAND.
Die Leraar het vir hulle Kos Geneem.

In baie wêrelddele is daar ‘n koste aan verbonde om vir Jesus te volg. Namate die Evangelie na nuwe gemeenskappe versprei kan gelowiges misverstande, vyandigheid en selfs vervolging in die gesig staar. Tog reageer God se mense telkens nie met bitterheid nie, maar die liefde van Christus.

Nadat hy Harvesters se kerkplantingsopleiding ontvang het, het ‘n Studenteleraar ‘n nuwe kerk geplant wat vinnig gegroei het met meer mense wat op die Evangelie gereageer het. Maar nie almal het die werk wat God gedoen het, verwelkom nie.

Aangevuur deur jaloesie, het ‘n man die kerkgebou aan die brand gesteek, en sodoende die plek waar die gemeente bymekaarkom vernietig.

Toe Leraar Reuben Mwale terugkeer van ‘n reis en verneem wat gebeur het, is hy dadelik na dorpie. Teen daardie tyd is die man wat verantwoordelik was vir die brandstigting gearresteer en onder polisie bewaking geplaas.

In plaas daarvan om wraak te neem, het Leraar Reuben en sy dissipel iets onverwags gedoen. Hulle het vir die man in die tronk kos geneem en by hom in sy sel gaan kuier. Daarna het hulle die liefde van Jesus gedeel met dieselfde persoon wat hul kerk afgebrand het.

Tans word die kerk herbou.

Die gebou is dalk vernietig, maar die Evangelie nie. In die aangesig van haat, is die liefde van Christus tentoongestel as ‘n herinnering dat Christus se kerk nie uit bakstene en sement bestaan nie, maar uit harte wat deur Sy Gees getransformeer is.


Pastoor Reuben Mwale

Ook in hierdie Uitgawe:

2 Tot in die Berge - Om Indië se Onbereikte Gemeenskappe te Bereik

4 Verander die Kaart








Tot in die Berge

Om Indië se Onbereikte Gemeenskappe te Bereik

In Indië woon daar meer as 1.4 biljoen mense wat behoort aan duisende verskillende mensegroepe. Tog het baie van die gemeenskappe nog nie die Evangelie gehoor nie. Joshua Project identifiseer tans 2 033 van Indië se 2 263 mensegroepe as onbereik – dit verteenwoordig min of meer 90% van die bevolking.

Vir sommige gelowiges in Indië is die reaksie op hierdie groot nood duidelik: gaan. En soms beteken hierdie "gaan" om na afgeleë bergstreke te reis waar toegang beperk en onderrig skaars is en waar min mense die geleentheid het om van Jesus te hoor.

Een plaaslike leier is al twee jaar in die bediening. In hierdie tyd, het God die onderrig en opleiding wat hy deur Harvesters ontvang het gebruik om hom toe te rus vir sy bediening. Self lei hy nou ses studente op wat hy help om sterker te word in die Woord van God. "My begeerte is dat hulle in die toekoms ook getroue dienaars sal word wat deur God gebruik sal word," sê hy. Maar sy visie stop nie by die ses mense wat hy oplei nie.

Mense wat in afgeleë bergstreke woon druk veral swaar op sy hart. "Een van my hartsbegeertes is dat die Here Harvesters sal gebruik om die Evangelie na baie dorpies in die heuwels te versprei," verduidelik hy. "Ek bid dat die Woord van God mense wat nog nie die Evangelie gehoor het nie sal bereik en mense sal groei in hul kennis van die Woord van God."

Dit is die hart van vermenigvuldiging: om nie net die opleiding te ontvang nie, maar dit ook oor te dra aan ander wat die Evangelie nog verder kan neem.

Wat Hulle Ontvang Dra Hulle Oor

In Andhra Pradesh volg nog 'n plaaslike leier dieselfde patroon. Hy is deur sy bediening aan Harvesters voorgestel en kon vinnig 'n gedeelde visie identifiseer: om dissipels te maak, leiers op te rig en kerke te plant. "Dit is ook God se doel en dit is waarom ek regtig van die Harvesters-benadering hou," sê hy.

Deur gebruik te maak van die boeke en materiale wat Harvesters voorsien, kan hy die Evangelie verkondig en sy studente onderrig. Maar hy daag hulle ook uit om verder te dink as net hul eie opleiding. "Ek moedig hulle aan om nie dit wat hulle geleer het vir hulself te hou nie, maar om meer leiers en Studenteleraars op te rig," sê hy.

Hy is van plan om 'n verdere vyf mense toe te rus, en hulle terselfdertyd aan te moedig om self ook meer leiers op te rig. "Op hierdie manier werk ek daaraan om kerke te plant en vervul ek die taak van kerkplanting."

Een leier wat toegerus word kan dus daartoe lei dat baie leiers opgerig word en dat elkeen van hulle die Evangelie verder neem. En hierdie tipe vermenigvuldiging maak saak in 'n nasie waar baie gemeenskappe steeds onbereik is.

Indië is ook 'n uitdagende plek om Jesus te volg. Geopende Deure plaas Indië in die 12de plek op hul World Watch List. Die redes wat hulle daarvoor aanvoer is intense vervolging en diskriminasie teenoor Christene, en in die besonder teenoor bekeerlinge, gepaardgaande met geweld en druk wat aangevuur word deur godsdienstige nasionalisme. Tog gaan die kerk steeds.







Tot in die Berge

Nog ‘n plaaslike leier beskryf hoe dit op voetsoolvlak lyk. “Ons maak nog meer dissipels en lei Studenteleraars op,” sê hy. “Hierdie program help om ons die onbereiktes te bereik, *ongeag die koste.*”



Hy vertel van gelowiges wat afgeleë gebiede bereik, insluitend bergagtige areas waar daar min onderrig en baie beperkte toegang is. “Ten spyte van hierdie uitdagings, lei God ons na hierdie bergstreke om die Goeie Nuus te deel.”

Dit gaan oor meer as net opleiding ter wille van opleiding – dis voorbereiding op die missie.



God rig plaaslike leiers op wat die Evangelie na mense in hul eie gemeenskappe en selfs verder kan neem.




Namate dissipels gemaak word en leiers toegerus word, kan kerke geplant word en die boodskap van Jesus plekke bereik waar dit nog nie gehoor is nie.

Die reis na die berge van Indië is nie altyd maklik nie. Maar hierdie leiers gaan tog – en hulle gaan nie op eie houtjie nie. Bemagtig deur die Heilige Gees, neem hulle ook die Woord van God, die opleiding wat hulle ontvang het, en ‘n visie om toe te sien dat ander toegerus word om dieselfde te doen.

En, soos een van die leiers dit stel, “Ons weet dat Harvesters ‘n groot werk in Indië doen deur mense in onbereikte gemeenskappe te bereik. Baie dankie vir julle liefde, julle sorgsaamheid en julle hart vir Indië. Ons is lief vir julle en ons bid vir almal wat hierdie bediening ondersteun.”

Mag God voortgaan daarmee om hierdie leiers te versterk, hul werk te vermenigvuldig en ‘n weg te baan vir die Evangelie om nog baie ander gemeenskappe regoor Indië te bereik.









Verander die Kaart

In Asela, Ethiopië, het 35 plaaslike kerkleiers bymekaargekom vir opleiding wat hulle sal help om die Evangelie na gemeenskappe te neem waar kerke nog ontbreek. Hierdie oorwegend Moslem-area kan uitdagend wees vir die plaaslike kerk.

As deel van hul opleiding leer die leiers om hul streek strategies op 'n kaart te verdeel – en biddend te beplan en te identifiseer waar nuwe kerke geplant kan word.

Op 'n groot kaart van Oos-Shewa het leiers 'n kleurskema gebruik om te bepaal hoe hul klerplantingspogings vorder: groen dui gevestigde kerke aan, geel nuwe kerke wat geplant is, en wit is die areas waarop die kerkplanters hulself voorberei om te gaan. "Oor ses maande wanneer julle terugkom sal al die wit areas na geel omgeskakel het," sê leraar Samson.

Rooi dui gemeenskappe aan wat verdere gebed en beplanning vereis. "Hierdie dorpies is baie moeilik en geslote... Sommige is Moslem, ander is plekke waar tradisionele Afrika heksery 'n sterk greep op die gemeenskap het. So, ons bid daarvoor en soek God se leiding vir 'n strategie om uit te reik na hierdie gemeenskappe."

En God is reeds aan die werk. Na evangelisasie-opleiding het kerkplanters na Asela gegaan en die Evangelie met 112 mense gedeel. Twaalf het gekies om vir Christus te volg, die meeste afkomstig uit Moslem agtergrond.







Harvesters MINISTRIES

Suid-Afrika Posadres:
13 Somerset Road, Longdown Estate, Somerset West, 7130

E-pos:
info@harvestersministries.com

Harvesters Ministries is 'n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare welsynorganisasie (NPO en PBO).

Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipel-skapstrategieë in meer as 100 lande, keer ons terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

Maak vandag 'n blywende verskil deur by te dra!

Lei Leerars Op | Plant Kerke | Voorsien Bybels | Bereik Mense & Maak Dissipels

Dra by via ons Webblad OF via die QR Kode om via ZAPPER of SNAPSCAN om te gee.

Baie Dankie.

zapper™ SnapScan

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: **"NE1126AFEM"** + [jou naam]

www.harvestersministries.com